Jannie du Toit

Lirieke van my opnames. Meer te kry op my webblad
www.janniedutoit.com

KOFFIEKAFEETJIE

Musiek: Jannie du Toit
Teks: Jannie du Toit

As die voordeur soggens oopgaan staan ons klaar daar en wag
Kry mekaar vir koffie en vir kuier elke dag
Die lewe in Melville kom rustig aan die gang
By ons koffiekafeetjie
Haar glimlag ken bestellings – elkeen het sy eie gier
Warm melk, sagte eiers, hier en daar 'n vroeë bier
Sitkamer, poskantoor, huis en ateljee is ons koffiekafeetjie

En die engel van Melville dra koffietjies aan,
sy lees elke knipoog, ken elke verhaal
geslagte, dekades voel haar warmte daar
by die plek op die hoek – ons koffiekafeetjie

Die eerste sitting van die oggend is lankal verby
As laatslapers rustig hulle sit hier kom kry
'n uitsmijter, melktert en 'n grap voor ons groet
By ons koffiekafeetjie
Die jare vergly maar onthou sal altyd bly
En jy deel nog jou mooiste verlange met my
Na die ure van koffie en klets en van droom in ons koffiekafeetjie

En die engel van Melville dra steeds koffie aan,
sy onthou elke knipoog en elke verhaal
ligjare later draal haar warmte steeds
By Die Mixer op die hoek – ons koffiekafeetjie